**TIEN REDES UIT DIE SKRIF WAAROM ONS NIE 'N WEGRAPING VOOR DIE VERDRUKKING VAN DIE LAASTE DAE MOET VERWAG NIE**

Nie een van die profete of die Messias of enige van die apostels het ooit geleer dat gelowiges vir hulle getrouheid beloon sal word deur "verwyder" te word voor die verdrukking van die laaste dae nie.
"In dié dag, spreek Yahweh, wil Ek versamel die wat kreupel is, en bymekaarmaak wat verdryf was, en die wat Ek verdruk het. Dan sal Ek die wat kreupel was, tot 'n oorblyfsel maak en wat ver verwyder was, tot 'n magtige nasie. En Yahweh sal koning wees oor hulle op die berg Sion, van nou af tot in ewigheid." Miga 4:6,7.

"Dan sal hulle julle aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle sal deur al die nasies gehaat word ter wille van my Naam." Matt 24:9.

"Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar (Grieks: "tereo" = "guard", "keep", "protect") in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel." Openb 3:10.

Die Skrif weet nie van drie verskynings van die Messias nie - daar is deurgaans net sprake van sy eerste koms en sy tweede koms.
"EN dadelik ná die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word. En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid." Matt 24:29,30

"so sal die Messias ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid." Heb 9:28

Volgens die Skrif is daar (buiten die opstanding van die Messias) nie drie opstandings nie, maar slegs twee - die opstanding van die regverdiges en die opstanding van die goddeloses.
"Want daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling." Joh 5:28,29.

"... en 'n hoop op Elohim het, 'n hoop wat hulle self ook verwag, dat daar 'n opstanding sal wees van die dode, regverdiges sowel as onregverdiges" Hand 24:15

"... en hulle het herleef en as konings geregeer saam met Messias die duisend jaar lank. (Dit is die eerste opstanding.) En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie." Openb 20:4,5

In die Skrif word die "dief in die nag" beeldspraak nie as aanduiding van 'n onsigbare koms van die Messias gebruik nie, maar as waarskuwing aan die adres van hulle wat nie vir sy koms gereed maak nie.
"Waak dan, omdat julle die dag en die uur nie weet waarop die Seun van die mens kom nie." Matt 25:13.

"Laat ons dan nie slaap soos die ander nie, maar laat ons waak en nugter wees." 1 Tess 5:6

"Maar die dag van Yahweh sal kom soos 'n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand." 2 Pet 3:10. Reg deur die Skrif word die begrip "Dag van Yahweh" gebruik as aanduiding van die dag waarop Y'shua weer kom om die koninkryk van Elohim tot stand te bring - hoorbaar, sigbaar, vir die gelowiges tot redding, maar vir die goddeloses tot vernietiging.

Die Skrif leer nie dat Noag tydens die vloed van die aarde weggeneem is nie, maar dat hy en sy gesin te midde van die vloed van ondergang bewaar is.
"En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van
die mens wees." Matt 24:37.

"En net Noag het oorgebly en wat by hom in die ark was." Gen 7:23.

In die Skrif word die eindtyd-begrip "weggeneem" normaalweg gebruik om die uiteinde van die goddeloses te beskryf, nie die uiteinde van die regverdiges nie.
"Net soos die onkruid dan bymekaargemaak en met vuur verbrand word, so sal dit wees in die voleinding van hierdie wêreld" Matt 13:40.

"Twee vroue sal by die meul maal; die een word weggeneem ("is taken") en die ander word gelaat ("is left")." In die konteks van Gen 7:23; Matt 24:37 en Luk 17:37 is dit die goddelose wat weggeneem word.

Die Skrif leer dat die ware gelowiges van die toorn van Yahweh (wat op die "Dag van Yahweh" uitgestort sal word) gered sal word, nie van die tyd van Verdrukking (7 jaar) voor die koms van die Messias nie.
"Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan." Luk 21:36.

"Want Elohim het ons nie bestem tot toorn nie, maar om die saligheid te verkry deur ons Meester Y'shua die Messias" 1 Tess 5:9.

Die Skrif leer dat gelowiges hulle nie moet laat wysmaak dat die Messias al verskyn het as die afval en die gepaardgaande verdrukking van die laaste dae nog nie plaasgevind het nie.
"Laat niemand julle op enige manier mislei nie (deur voor te gee dat die dag van die Messias al daar is nie - vers 2), want eers moet die afval kom (Grieks: "apostasia" waarvan die Engelse "apostasy" afgelei is - volgens die res van die Skrif vind hierdie "apostasia" in die tyd van die Verdrukking plaas) en die mens van sonde (d.w.s. die Antimessias, wat in die tyd van die Verdrukking na vore sal tree) geopenbaar word, die seun van die verderf" 2 Tess 2:3.

"En nou, julle weet wat hom teëhou, sodat hy op sy tyd geopenbaar kan word. Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is." 2 Tess 2:6-7. Die een wat "teëhou" is nie die "kerk" of die gelowiges wat eers "weggeraap" moet word nie, maar heel waarskynlik die engel Michael wat volgens Daniel 12:1 die kinders van Israel in die eindtyd sal bewaar tot op die tyd van die groot benoudheid (die Hebreeuse woord wat in Dan 10:21 vir die aktiwiteit van hierdie engel gebruik word, is "chazaq" wat "restrain" of "teëhou" beteken.)

Die Skrif leer dat die opwekking en die vereniging van van die gelowiges met die Messias op die "Dag van Yahweh" gaan plaasvind, nie voor dit nie.

"Want die Meester self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van Elohim; en die wat in Messias gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Meester tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Meester wees. 1 Tess 4:16,17. Die dag waarop hierdie dinge sal gebeur word in vers 15 genoem die dag van Y'shua se "wederkoms" (Grieks: "parousia") en in hoofstuk 5:2 die "dag van Yahweh" - dieselfde term wat regdeur die Skrif gebruik word vir die dag wanneer Yahweh alles nuut gaan maak en sy koninkryk gaan oprig - vgl. Joël 3:13-21; Obad 1:15-21.

"Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word." 1 Kor 15:51-52. Die hele konteks van 1 Kor 15 toon aan dat hierdie gebeure die aanbreek van die koninkryk van Yahweh inlui. Die "laaste basuin" word geblaas om hierdie nuwe bedeling aan te kondig - waarskynlik dieselfde basuin wat volgens Lev 25:9 op die Groot Versoendag (Yom Kippur) geblaas moet word wat in 'n jubeljaar val.

Die Skrif maak nie onderskeid tussen die manier waarop Jode en nie-Jode gered gaan word nie - almal wat deel is van die ware Israel word op dieselfde manier gered.
"want hulle is nie almal Israel wat uit Israel is nie" Rom 9:6

"Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in Y'shua die Messias. En as julle aan Messias behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename." Gal 3:28-29.